# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (44/09)*

*Justin Chadwick (6 November 2009)* *Citrus Growers Association (CGA)*

***GESEGDE VAN DIE DAG: We make a living by what we get and we make a life by what we give" Winston Churchill***

**VIER DIE SUKSES: BLUE BULLS – SUPER 14 en CURRIEBEKER KAMPIOENE – DIE BESTE RUGBYSPAN IN DIE WêRELD (en ek het 'n bottel rooi wyn gewen).**

## REKLAMES: LAND VAN OORSPRONG

Suid-Afrika het tot 'n groot mate sy identiteit verloor as 'n land wat 'n mandjie met veilige, lekker, gereelde en goeie kwaliteit vrugte kan produseer omdat niemand regtig enige reklame vir land van oorsprong gedoen het nie. Uitvoeragente bemark hul handelsmerk – en in baie gevalle sluit hierdie handelsmerk vrugte in wat van oraloor in die wêreld afkomstig is. In 2009 het die produsente wat pruime verbou 'n loods veldtog vir land van oorsprong in die VK gehad met baie goeie resultate. Dit word nou uitgebrei om ander sagtevrugte en tafeldruiwe in te sluit. 'n Uitgebreide veldtog is vir die VK in 2010 ontwikkel – en die sitrusbedryf is uitgenooi om deel hiervan te wees.

Soos berig oor in nuusbrief 42/09 (23 Oktober 2009) het die **Sagte Sitrus Fokusgroep (SSFG)** die CGA versoek om produsente se steun vir so 'n veldtog te toets. SSFG lede het met hul kiesers tydens laas week vergader en gegewe die positiewe terugvoering is inligting en stembriewe na sagte sitrus produsente op Maandag versprei. Sedertdien was daar goeie gesprekvoering via epos en ek het ook baie oproepe ontvang. Die gevoel van baie is dat die tyd te min is om so 'n besluit te neem – en ek stem saam, MAAR as ons by die huidige veldtog wil aansluit sal ons finansiële verpligtinge teen 1 Desember moet maak – produsente se ondersteuning sal dus voor dan bepaal moet word. **ALLE SAGTE SITRUS PRODUSENTE WORD VERSOEK OM HUL STEMBRIEWE SO GOU AS MOONTLIK TE VOLTOOI – DIE SLUITINGSDATUM IS VOLGENDE VRYDAG (13 NOVEMBER) EN TOT OP DATUM IS DAAR NOG NIE VEEL ONTVANG NIE. AS JY 'N VORM WIL Hê OF VAN IEMAND WEET WAT 'N VORM WIL Hê, KONTAK MY ASSEBLIEF.**

Net so het die **POMELO FOKUSGROEP (PFG)** die CGA die opdrag gegee om 'n soortgelyke referendum te hou (met die klem op markontwikkeling in Japan en VK) soos in nuusbriewe 34/09, 42/09 en 43/09 berig. Inligting en stembriewe is Maandag uitgestuur en **ALLE POMELO PRODUSENTE WORD VERSOEK OM HUL VORMS SO GOU AS MOONTLIK TERUG TE STUUR – SLUITINGSDATUM IS 13 NOVEMBER 2009.**

## KOOLSTOF-VOETSPOOR

As gevolg van die groeiende belangstelling in koolstof vrystellings en veral belangstelling in die vrystelling vanaf produkte wat uitgevoer word, het die Suid-Afrikaanse vrugte en wynbedrywe 'n studie getiteld "Confronting Climate Change: A SA Fruit and Wine Initiative" van stapel gestuur. Een van die uitkomste van hierdie inisiatief was die ontwikkeling van 'n koolstof rekenaar wat diegene in die vrugte en wyn voorsienersketting sal toelaat om inligting in te voer en dan 'n idee te kry van wat die koolstof vrystelllings van hul aktiwiteite is. Die koolstof rekenaar is Donderdag, 5 November 2009, amptelik in werking gestel. Belangstellende produsente kan aanlyn gaan en die rekenaar gebruik om hul koolstof-voetspoor te bepaal. Gaan na: http://www.climatefruitandwine.co.za/.

Daar is baie mense wat werkswinkels en opleidingsessies rakende die koolstof voetspoor aangeleentheid aanbied – teen redelike stewige registrasie kostes. Jy as 'n produsent het vir die ontwikkeling van die koolstof rekenaar betaal (tesame met ander vrugsektore, wyn en skenkers) - so gaan kyk na wat julle ontwikkel het. As daar 'n behoefte is kan ons werkswinkels reël vir om die agtergrond en werkinge van die rekenaar te bespreek. Kontak asseblief vir my of Paul Hardman (ph@cga.co.za) as jy belangstel.

## WTO DISPUUT RESOLUSIE

Vir die afgelope twee dae was ek en Vaughan Hattingh aan die werkinge van die Wêreld Handelsorganisasie (WTO) blootgestel, klem is veral op die "SPS (Sanitary and Phytosanitary) Agreement" en die "TBT ("Technical Barriers to Trade") Agreement" gelê - en dispuut resolusie. Ek is deur die organiseerders genader om die CBS-EU aangeleentheid as 'n gevalle studie aan te bied. Dit is interessant om te weet dat slegs ses dispuut gevalle sover ooit deur die volledige proses van 'n finale beslissing gegaan het – die ander meer as 60 gevalle is opgelos deur konsultasie voor die beslissingsfase. Wat baie afskrik om die dispuut resolusie roete te volg, is die kostes – jy sal bereid moet wees om ten minste $2 miljoen te spandeer as jy besluit om die roete te volg. Gegewe die bevindinge van die CBS PRA (ontwikkel in 2000) en die voortgesette gebrek aan tegniese regverdigheid vir die EU CBS maatreëls is die gevoel dat Suid-Afrika 'n goeie saak in so 'n dispuut sal hê; daar is egter nog ander aksies wat ook ondersoek sal moet word alvorens so 'n groot stap geneem kan word.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

| Tot Week 44 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelos | 14.3 m | 12.8 m | 14 m | 12.4 m | 13.6 m | 15.1 m | 14 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 7.3 m | 6.8 m | 6.5 m | 6 m | 7.4 m | 6.8 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 7.3 m | 9.6 m | 8.6 m | 8.8 m | 7.6 m | 9.4 m | 8.6 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 18.7 m | 21.5 m | 19.4 m | 21.2 m | 19.1 m | 21.6 m | 19.4 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 43.5 m | 43.1 m | 38.4 m | 39.8 m | 35.2 m | 43 m | 38.4 m | 43.1 m | 40.4 m |
| | 90.6 m | 94.3 m | 87.2 m | 88.7 m | 81.5 m | 96.5 m | 87.2 m | 94.3 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**

